

HOE GEMAAK AS JY NIE IN DIE SAMELEWING SE BOKSIE VIR GESLAG EN GENDER PAS NIE – AS JY DALK GAY, TRANS OF QUEER IS?

Buite die gender-boksie

Voordat sonars algemeen geraak het, moes 'n mens nege maande vir die wete wag. “Dis 'n seuntjie!” of “Geluk, jy't 'n pragtige dogtertjie!” Jou geslag is 'n fundamentele aspek van jou identiteit. Pienk en poppe en kolwyntjies, of blou en rugby en karretjies?

Die afgelope halfeeu of so het mense gelukkig begin besef dat sake nie heeltemal so eng hoef te wees nie: Seuns kan truië brei en bloemiste word, meisies kan ingenieurswese gaan swot. Die tradisionele geslagsrolle kán geruil word.

Maar nou is dit tyd om verder te dink. Verby wat mans en vroue mag en nie mag doen nie. Ons moet beter verstaan wat mans en vroue is.

Geslag, gender en identiteit

Geslag (*sex*) is biologies. Dit het te make met jou hormone en geslagsdele. Gender, aan die ander kant, is 'n konstruk. Dit behels ons gemeenskaplike idees oor hoe mans en vroue in die samelewing bestaan en funksioneer.

Afgesien van idees oor geslagsrolle bestaan daar twee groot wanbegrippe oor gender. Die een is dat biologiese geslag noodwendig met jou interne idee van jou eie gender ooreenstem; dat ons met 'n sekere stel geslagsdele gebore word en dít is dit. Vir die meeste mense is dit só, maar vir baie ander nie.

Die term in aktiviskringe is “geslag toegeken met geboorte”. Die dokter of die vroedvrou het na jou gekyk en aangekondig dat jy 'n dogtertjie of seuntjie is. Dit beteken egter nie dat jy oor tien of twintig of dertig jaar met hulle gaan saamstem nie.

Die tweede wanbegrip is dat daar net twee geslagte is. Ons dink gewoonlik aan geslag of gender as 'n tweeledige (*binary*) begrip; twee teenpole. Die waarheid is egter heeltemal anders. Gender is 'n vloeibare begrip. Jy kan “heeltemal manlik” en “heeltemal vroulik” as teenpole stel, ja, maar tussen hulle lê daar 'n hele spektrum.

Daar is verskillende terme met verskillende betekenisse, maar “transgender” of bloot “trans” werk hier as 'n sambreelterm.

Trans, in 'n neutedop, verwys na mense wat voel hul liggaam stem nie ooreen met hul genderidentiteit nie – sommige transmense voel letterlik dat hulle in die verkeerde liggaam gebore is. Iemand wat as 'n man grootgemaak is, sal byvoorbeeld mettertyd besef dat hy (of eerder sy) eintlik 'n vrou is.

Ander mense voel weer dat hulle nie heeltemal in een van die kategorieë pas nie – hulle val óf iewers in die middel óf hulle identifiseer meer met een, maar met 'n goeie skoot van die ander. Die terme hiervoor is legio: *genderqueer*, *nonbinary*, *femme*, *boi*.

Die idee dat geslag wydreikend kan wees, is vir baie mense 'n vreemde konsep. Dit maak hulle bang. Hulle voel nie, hierdie is verkeerd, dit is nie hoe ons geskape is nie.

Daar is beledigende name wat mense wat in hierdie opsig anders is, toegesnou word. Verwyfd.

Mannetjiesagtig. Mense wat nie binne ons verwysingsraamwerk val nie, maak ons senuweeagtig.

Vier mense, twee transvroue en twee gay mense, deel hul ervaring van lewe oor die gendergrens heen.

A portrait of a Black woman with short, curly blonde hair. She is wearing a white, long-sleeved button-down shirt with a ruffled front. She is sitting with her hands clasped in front of her. The background is a plain, light blue-grey color.

“EK VOEL NIE EK
HOEF MYSELF
VOOR TE STEL AS
IEMAND WAT TRANS
IS NIE, WANT DIE
PERSOON HET NA
MY TOE GEKOM.
MAAR LATER BAKLEI
ONS DAAROO.”

Yaya

Yaya Mvundla het die bou van 'n model. Baie skraal, langbeen soos 'n vul, hoë wange. Kort, blond gebleikte hare.

Sy het diep landelik grootgeword, in Kranskop in KwaZulu-Natal, voordat sy hoërskool in Durban klaargemaak het en ná vyf jaar, in 2012, pad gevat het Jozi toe.

“Ons moes twintig minute stap om water te gaan haal en daar was nie elektrisiteit nie. Die onderwys was so swak dat ons selfs in die Engelse klas Zoeloe gepraat het. Ek dink nie ek sou matriek deurgekom het as ek daar gebly het nie.”

Sy het grootgeword sonder om te weet dat daar iets is soos gaywees, sê Yaya. “Snaaks genoeg was ek nooit gemaklik met manskere nie. Ek wou lipstif en 'n romp dra – dis net hoe ek was! Ek het alles gedoen wat vroue doen.

“Toe ek in gr. 11 uitgekom het as gay, was my ouma woedend. Sy het gesê ek moet bid en kerk toe gaan, en ek het vir haar gesê: ‘Jy weet ek gaan kerk toe. Ons gaan saam!’ Maar ek verstaan, want in daardie gebied kan jy jou nie eens indink dat iemand sal sê hulle is gay nie, dit maak nie sin nie. So, ek het haar vergewe.”

In Johannesburg het sy by die kunstenaar Zanele Muholi ingetrek en die LGBTI-gemeenskap (lesbiërs, gays, biseksuele, transgenders en interseks-mense) leer ken.

“Ek het so gemaklik geraak dat ek kon aantrek soos ek wou, ek kon grimering aansit voordat ek soggens uitgaan, en dit was *fine*. Ek het heelwat ouer LGBTI-volwassenes ontmoet en dit het 'n verskil gemaak. Ek weet nou ek is trans, ek is 'n vrou, ek is nie 'n gay man nie.”

Haar broer, sê Yaya, was aanvanklik ongemaklik, maar hy begin nou verstaan. “Hy noem my ‘*my sister*’,” lag sy.

Toe sy Johannesburg toe getrek het, het sy niemand geken nie. “Maar toe ek hier gekom het, het ek gevoel ek's tuis. Dit is hoe ek nog altyd moes leef. Ek was meer gemaklik in die stad.”

Deesdae werk sy in media en bemarking en is een van die organiseerders van Mzansi Pride, 'n alternatiewe, inklusiewe gay pride-optog. As 'n trans-vrou ervaar sy egter dikwels diskriminasie van mense in die LGBTI-gemeenskap.

“Daar was iemand vir wie ek bemarking sou doen. Sy sakevennoot, wat toevallig gay is, het gesê: ‘Nee, Yaya kan nie ons rekening hanteer nie, sy gaan die kliënte deurmekaar maak.’ Ek kon dit nie glo nie.”

Verhoudings is ook moeilik. Dit het nou al vier of vyf keer gebeur dat sy iemand ontmoet wat sê hulle stel belang, maar dinge beëindig wanneer hulle uitvind sy's trans.

“Ek voel nie ek hoef myself voor te stel as iemand wat trans is nie, want die persoon het na my toe gekom. Maar later baklei ons daaroor. So, ek vertrou dit nie as iemand sê ‘Ek hou van jou’ of ‘Ek is lief vir jou’ nie.”

Sy is dikwels fisiek in gevaar, veral in die middestad. “Die marteling waardeur die meeste transgendermense gaan, en die vrees vir wat gister gebeur het of wat dalk môre gaan gebeur, veroorsaak dat jy jouself begin blameer. Waarom doen ek dit aan myself?

“Jy loop in 'n straat waar daar meestal Nigeriese mans is, hulle skree op jou. Jy wonder, gaan ek dit tot by die volgende robot maak? Dis vreesaanjaend.”



WAT BETEKEN LGBTI?

Die afkorting verwys na lesbies, gay, biseksueel, transgender en interseks. Ander weergawes sluit ook in die letters “Q” (*queer/questioning*) en “A” (aseksueel). Iemand wat aseksueel is, het min of geen seksuele behoeftes en is nie seksueel aangetrokke tot mense van enige geslag nie, hoewel hulle soms tog in romantiese verhoudings belangstel.

Interseks verwys na mense wie se geslagsdele en/of hormone nie met 'n spesifieke geslag ooreenstem nie. Dikwels sal hul eksterne geslagsdele verskil van hul interne geslagsdele. Die ou term hiervoor is hermafrodiet, maar dit is beledigend en word nie meer gebruik nie.

Kieron

Kieron Jina se CV is indrukwekkend: Hy het 'n meestersgraad in teater van Wits; hy werk as 'n multidissiplinêre kunstenaar, hoofsaaklik in choreografie; hy gee deeltyds klas by Wits, UJ en City Varsity en hy werk oorsee.

“Ek identifiseer as 'n gay man in 'n *queer*-liggaam, want ek dink die *queer*-identiteit is 'n sambreelterm om verskillende oriëntasies te identifiseer,” verduidelik hy.

“In my beroep werk ek met temas om die *queer*-liggaam, genderidentiteit en seksualiteit. Ek fokus hoofsaaklik op dié temas omdat ek voel Afrika as 'n kontinent moet sy vooroordele en sy verhouding met seksualiteit en gender begin ontrafel.”

Sy onlangse dansproduksie *Werk It!*, wat by die Wits-kunsmuseum opgevoer is, het gegaan oor manlikheid in Afrika in die 21ste eeu. “Ek gebruik die idee van die liggaam as 'n medium vir die waarheid.”

Kieron is 'n groot man, met 'n danser se gespierde lyf en soepel bewegings. Hy het eers op universiteit besef dat hy gay is.

“My ma is baie oopkop, maar my pa is 'n bietjie meer... prehistories in sy idees.” Hy lag. “Hy het altyd vir my gesê ek moet die leumannetjie in die trop wees. Jy moet sorg vir jou vrou en jou kind.”

Sy ouers was nooit saam nie, en sy ma moes in 'n mate 'n vroue- én 'n mansrol in sy lewe speel.

“Ek het baie meer respek vir haar gehad as vir my pa. My pa het gedink ek moet sokker kyk en rugby speel omdat ek 'n seun is, en ek kon net nie daarmee identifiseer nie. My grootwordjare was moeilik. Vir 'n groot deel daarvan het ek gedink ek is *straight*. Jy het 'n idee dat jy sus of só moet wees, en ek het vasgevang gevoel.”

Universiteit het Kieron die ruimte gebied om sy horisonne te verbreed, om anders te dink en op te tree deur blootstelling aan mense van verskillende agtergronde.

“My ouers was aanvanklik baie seergemaak oor my seksualiteit, want hulle het nie verstaan waar hulle fouteer het nie. Maar my ma het begin besef dat as sy aanhou om haar te distansieer, gaan sy haar seun verloor. Sy moes besluit of sy aan haar seun gaan vashou, en of sy gaan toelaat dat die samelewing se vooropgestelde idees haar verhouding met haar kind bepaal.

“Oor maande, en vele oop gesprekke, al was dit soms

hóé seer, het ons besef dat soos ek nodig gehad het om uit die sogenaamde kas te klim, moes hulle ook teenoor hul familie en vriende uitkom. Hulle moes húl ouers vertel dat hulle 'n gay seun het.”

Sy pa het hom gesê: “Hoekom kies jy so 'n moeilike lewe?”

“Maar ek het nie gekies om gay te wees nie. Ek was gay lank voor dit.”

Dit het vir hom duidelik geword toe hy sy eie seksualiteit begin ontdek, dat hy ander jongmense wou help om met hulself te identifiseer. “Ek wou seker maak dat hulle nooit hulself as minderwaardig sien bloot oor hul seksualiteit en gender nie.”

Kuns het vir hom terapie geword, 'n manier om die samelewing en sy rol daarin te ondersoek.

“Wanneer ek skep, gebruik ek 'n persoonlike storie, en dan kan ek begin om as bemiddelaar op te tree tussen die gehoor en die manier waarop ek 'n idee wil voorstel. Ek wil hê jy moet effe weerloos voel wanneer jy na die vertoning kyk, en jou dwing om jou eie vrae oor identiteit en seksualiteit te ondersoek – maar veral om jou eie vooroordele te ondersoek.”

Identiteit bestaan uit verskeie lae, sê Kieron. “Ek is 'n gay man, maar dit is nie ál wat ek is nie.”



DIE GEBRUIK VAN DIE WOORD *QUEER*

Queer was lank 'n beledigende woord vir gay mans, op dieselfde vlak as 'moffie'. Dit word egter nou deur groot dele van die LGBTI-gemeenskap aanvaar as 'n term wat verskillende identiteite insluit. Dit word ook algemeen in 'n akademiese konteks gebruik. As jy egter onseker is oor die gebruik daarvan, vermy dit eerder. Dit is wel nog vir baie gay mense beledigend.



“EK IS 'N
GAY MAN,
MAAR DIT IS
NIE ÁL WAT
EK IS NIE.”



Chloe

Sy troon bo 'n mens uit in spykerhakke, maar die lang krulhare, sagte stem en die kleur van die skoene – ligpienk – verklap 'n fyner kant.

Chloe van der Westhuizen is besig met haar oorgang (*transition*) – die hormoonbehandeling en chirurgie wat verskeie transmense ondergaan om hul liggaam te laat ooreenstem met hul geslagsidentiteit. Sy is baie gelukkig met haar nuwe borste.

“Vir my was dit nie eintlik 'n keuse nie, dit was iets wat ek móés doen. Baie mense wou by my weet: ‘Is jy nou 'n man of is jy 'n vrou?’ Toe het ek besluit, ek moet dit doen, en ek het borste gekry. Ek is gemaklik daarmee en ja, ek is gelukkiger. Daar is nie meer verwarring nie!”

Sy was op skool toe sy begin ongemaklik voel het met haarself en haar liggaam. Ná matriek, in 2009, het sy besef dat sy eintlik as 'n vrou identifiseer.

“Ek kon net nie meer die ou ek hanteer nie. Ek sal altyd die ou ek mis, verstaan jy? Maar op die oomblik is hy, ek wil nie sê dood nie, ek wil 'n mooier woord gee, maar nou is ek Chloe.”

Sy dink lank oor of sy haar ou naam wil deel.

“Dis vir my *embarrassing*. Maar ek dink ek moet vir jou sê, of hoe? Eerlikheid is beter. My naam was Jacobus.”

Chloe, wat in Pretoria grootgeword het, is 'n danser by 'n gay-klub. Deur die dag is sy 'n bestuurder by 'n kunsmark. Haar ma, sê sy, is haar grootste ondersteuner.

“Sy het nog al my *performance*-klere vir my gemaak en ondersteun elke, elke ding van my. Dit het haar 'n tydjie gevat om oor die feit te kom dat sy haar seun verloor. Maar sy het vir my gesê: ‘Weet jy, jy is wie jy is, wees bly, geniet dit. Moenie eendag oud wees en sê jy kon nie, want daar was 'n persoon wat jou teruggehou het.’ My ma het my eintlik daai hoop gegee in die lewe.

“Ek en my sussie kom goed oor die weg. Ons het ons *issues*, maar ons is maar 'n normale familie.”

“DIS NIE 'N KEUSE NIE.
EK VOEL DIT IS HOE
ONS GEMAAK IS OP
AARDE. EN EK DINK
GOD IS LIEF VIR ONS,
MAAK NIE SAAK WAT
DIE BYBEL SÊ NIE.”

Haar pa, sê Chloe, ondersteun haar ook. “Maar ek dink soos elke pa wou hy 'n seun gehad het wat saam met hom grassny, wat harde werk saam met hom doen. Ek dink in 'n mate dit wat my *sad* maak, is dieselfde dinge wat hom ongelukkig maak. Ja, ek wou ook graag saam met hom 'n dop gedrink het, ek wat 'n seun moes gewees het. Maar dinge verander.”

Sy is 'n Christen, maar sy kan nie kerk toe gaan nie.

“Jy staan buite daai kerk en almal gaan in, en as hulle uitkom staan hulle en skinder oor mekaar. Ek meen hierdie mense wat sê dis verkeerd, hulle kan nie my *judge* nie, want God het ons geskape soos ons vandag is. Dis nie 'n keuse nie. Ek voel dit is hoe ons gemaak is op aarde. En ek dink God is lief vir ons, maak nie saak wat die Bybel sê nie.”

Chloe meen sy moes 'n “volle vrou” gewees het vanweë haar bou en haar stem. “Ek voel ek is verkeerd gebore. Dit was vir my die seerste. Dis onregverdig, want nou was ek halfman, halfvrou...”

Die dansery het haar sterker gemaak.

“Ek kan nie vir jou sê hoe gelukkig ek is met hoe ek nou is nie. Ek voel al hoe meer ek kan uitkom, ek voel nie meer skaam nie, ek voel nie meer teruggetrokke nie.

“Dit is vir my *amazing*.”

Izanne

'n Beeldhouer én 'n tandarts, vol tatoeëermerke.

Nee, regtig.

Izanne Wiid het grade in forensiese tandheelkunde – sy maak prosteses en gebitte – én visuele kunste, en nadat sy 'n klas by die beeldhouer Sybrand Wiechers geneem het, het sy met dié kunsvorm begin werk.

Sy het ná elf jaar in Liverpool, Engeland, in 2009 teruggekeer na Pretoria. Sy gee drie dae 'n week klas, praktiseer (“so 'n bietjie”) in die private sektor en die res van die tyd werk sy as beeldhouer.

Sy werk met materiale soos staal en marmer en deesdae ook met beton en hout. “En ek werk baie met anatomie, dis seker waar my verwysingsraamwerk vandaan kom. Dis nie almal se *cup of tea* nie. Ek dink in sommige opsigte is dit baie kru vir mense, maar ongeag die kruheid en die grofheid daarvan is dit moerse poëties. Daar's 'n moerse *gentle* aspek daaraan, want dit vertel 'n storie, jy weet?

“Dis soos hierdie tatoeëermerk...” – sy beduie na haar linkerarm – “dis 'n dooie voël, maar in die proses gaan dit daaroor om lewe te gee. Daar is die heeltyd hierdie teenstelling.”

Haar voorkoms, poenskop en getatoeër, kry 'n ietwat ander ontvangs in Pretoria as in Liverpool.

“Dis heeltemal anders daar. Dis 'n kunsvorm. Mens moet dit so bietjie in 'n ander konteks sien as net daai rebel, daai rowwe *chick*.”

Izanne meen daar is beslis mense wat haar anders hanteer vanweë haar voorkoms, en dit het baie te doen met vooropgestelde idees.

“Hulle is in die boks, en as jy uit die boks uit is, bedreig jy hulle veilige ruimte. Mense kyk baie vas in die visuele, in plaas van om net bietjie verby dit te kyk. En ek dink dis met baie goeters in Suid-Afrika só. Hoe moeiliker omstandighede raak, hoe meer raak mense rigied, en klou hulle vas aan hul idees. Daar's vir my gevra wanneer ek tot bekering gekom het. Eisj.” Sy begin lag.

Vrae oor gender en identiteit is moeilik om te beantwoord.

“Verstaan, ek is gay, so dis nie iets vreemds nie. Ongeag my voorkoms is ek eintlik baie die teenoorgestelde, ek is eintlik nogal vroulik. En dis ook vir mense moeilik, want hoe ek lyk, is in baie opsigte in teenstelling met wie ek is.

“En die ander ding is, ek glo mens se gender is moerse

in *flux*. Vandag is jy só, die volgende dag sal jy anders voel. Daar is nie 'n spesifieke idee van manlik of vroulik vir my nie.

“Ek dink jy kan terselfdertyd 'n sterk vrou en 'n sagte vrou wees.”

Sy is meestal gemaklik met wie en wat sy is, maar raak steeds senuagtig in sekere situasies omdat sy voel mense gaan haar oordeel. En daar is beslis mans wat voel sy bedreig hul manlikheid, sê sy.

“Die ding is, ek is in 'n fisiese beroep. Ek sal self *grind* of *weld* of self my goeters optel. Dus, as gevolg van my werk is ek fisiek sterk. En as daar iets in die muur ingeslaan moet word by my huis gaan ek nie iemand vra nie, ek gaan dit self doen. En mans sien dit as jy wat wil *hardcore* wees,” lag sy.

“Die ding is, ons het in Suid-Afrika baie stereotipe-idees van hoe 'n vrou moet aantrek en hoe sy haar moet gedra. En dis vir my sleg.” ♡


DEUR LOUISE FERREIRA
FOTO'S: ANTONIA STEYN
KREATIEWE REGIE: JUANITA KOTZÉ/
KO PRODUCTIONS
GRIMERING: LIZ VAN DER MERWE
KLERE: SUZAAN HEYNS

NAME EN VOORNAAMWOORDE

Verskillende genderidentiteite kan verwarrend wees. As iemand sekere voornaamwoorde verkies, respekteer dit. 'n Transvrou is 'n vrou en gebruik vroulike voornaamwoorde, maak nie saak of sy met 'n mansliggaam gebore is nie.

Dit is ook verkeerd om na 'n transvrou te verwys as iemand wat voorheen 'n man was, of andersom; sy was nog altyd 'n vrou.

Moet ook nooit 'n transman of -vrou vra wat hul “regte” naam is of daarop aandring om die ou naam te gebruik nie. Die transgemeenskap verwys dikwels na hul ou naam as 'n “dooie naam”. Hul regte naam is die een waarmee hulle hulself voorstel.



“VANDAG IS JY
SÓ, DIE
VOLGENDE DAG
SAL JY ANDERS
VOEL. DAAR IS
NIE 'N SPESIFIEKE
IDEE VAN MANLIK
OF VROULIK VIR
MY NIE.”